Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 26 OKTOBER 2016 OM 14:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdl M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Bekebu, Z (ANC)
Bess, D G (DA)
Daniels, C (DA)
De Beer, J M (DA)
Fortuin, C B (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Maart, E S M (DA)
McQuire, V D (DA)
Mfutwana, L E (EFF)
Papers, C H (DA)
Penxa, B J (ANC)
Philander, D B (ANC)
Smit, N (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Solomons, P E (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Bestuurder: Reinigingsdienste, mnr F Bruwer
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, die Uitvoerende Onderburgemeester, raadslede en amptenare. 'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan Pastoor Smit van die AGS Corpus Christi-Gemeente, Malmesbury en word lg. aan die woord gestel om die Raad te bedien met skriflesing en gebed.

Rdl D B Philander teken beswaar aan teen die boodskap van Pastoor Smit dat in rdl Philander se woorde – "moerige mense nie bid nie" en dat wanneer heftige sake op die tafel geplaas word, dit nie is omdat hy nie bid nie.

Die Speaker beslis dat daar kennis geneem word van rdl Philander se beswaar.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat in die afgelope maand verjaar.

Rdl E S M Maart wens die Speaker geluk, namens die Raad, met sy verjaardag op 11 Oktober.

['n Groep lede van die publiek, in ANC-ondersteuningsdrag, sluit by die vergadering aan.]

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl B J Stanley en die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

Geen

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 31 AUGUSTUS 2016

Rdle F S Humphreys en D B Philander rig vertoë dat die riglyne aangaande die toekenning van straatname wat goedgekeur is onder item 8.5 van voormelde notule, heroorweeg behoort te word, en haal voorbeelde aan van plek- en straatname wat persone wat nog leef, vereer.

Die Speaker en Munisipale Bestuurder verwys na paragraaf 15 van die Verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings wat bepaal dat 'n mosie ingedien moet word indien enige sake op die notule verdere bespreking vereis, en dat slegs die korrektheid van die notule oorweeg mag word.

'n Debat volg insake die feit dat die notule nie as gelees beskou kan word nie, omrede dit na bewering nie in Engels beskikbaar gestel is nie.

Die ANC-raadslede versoek dat die tolk geleentheid gegee moet word om die notule in Xhosa te tolk vanuit Afrikaans, maar beslis die Speaker dat dit nie toegelaat sal word nie. As gevolg van ‘n gebrek aan orde tydens die debat wat hierop volg, waartydens ANC-lede hul telkens op punte van orde beroep sonder om aan te dui op welke ordereëls of statutêre oortredings hulle dit grond, en hulle voorts talle beroepe van die Speaker ignoreer om hulle ordelik te gedra en sy beslissings te eerbiedig, gelas die Speaker dat die vergadering vir twee minute sal verdaag.

Die Speaker versoek hierna dat daar by wyse van die opsteek van hande aangetoon moet word of die notule in Engels ontvang is al dan nie, maar geen aanduiding word vanaf raadslede ontvang nie. Die Speaker beslis gevolglik dat die goedkeuring van die notule oorstaan tot die volgende vergadering.

Die ANC bied heftig teenkanting teen die beslissing van die Speaker en versoek dat die vergadering vir vyf minute verdaag.

Na afloop van die verdaging versoek rdl Philander dat genotuleer word dat indien die vergadering sou voortgaan sonder dat die notule bekragtig word, dit as 'n onwettige vergadering beskou word waarvan die ANC nie deel sal wees nie.

[Die ANC-raadslede verlaat die lokaal.]

Die Munisipale Bestuurder, op versoek van die Speaker, bevestig dat ingevolge die Reëls vir die Hou van Vergaderings 'n kworum bestaan, en die vergadering mag voortgaan.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

(a) Dat die goedkeuring van die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 31 Augustus 2016 oorstaan tot die volgende Raadsvergadering;

(b) Dat kennis geneem word, in antwoord op ‘n vraag van rdl L E Mfutwana, dat die Speaker ‘n ondersoek sal gelas na die gedrag van die ANC-raadslede.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 24 AUGUSTUS 2016

5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 21 SEPTEMBER 2016
Saamgelees met
NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 14 SEPTEMBER 2016

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite as Rekenpligtige Beampte ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, in oorlegpleging met die bodbeoordelingskomitee, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 23 AUGUSTUS 2016

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

Geen

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): JULIE – SEPTEMBER 2016 (7/1/2/2-2)

Die voorlegging van die kwartaalverslag word voorgeskryf deur artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

Die voorlegging van die verslag aan die Raad dien as een van die Uitvoerende Burgemeester se algemene verantwoordelikhede om die Raad in te lig aangaande die implementering van die begroting en die stand van die finansiële sake van die munisipaliteit.

Die kwartaalverslag ten opsigte van Kwartaal 1 soos op 20 September 2016 is met die sakelys gesirkuleer.

Die Speaker gee geleentheid aan die Direkteur: Finansiële Dienste om die verslag toe te lig, en word beklemtoon dat alhoewel dit nie 'n vereiste is dat die prestasiemeting van die afdelingshoofde ingesluit moet word nie, dit as 'n beste praktyk beskou word om sodoende ook die Raad se oorsigrol tot op 'n laer vlak uit te rol.

BESLUIT
(op voorstel van rdv M S I Goliath, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

(a) Dat die Raad kennis neem van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur artikel 52 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting, sowel as die prestasie teenoor die topvlak dienslewerings- en begrotingimplementeringsplan (SDBIP) van die munisipaliteit vir die periode 1 Julie 2016 tot 30 September 2016;

(b) Dat verder kennis geneem word dat die syfers vir die "2015/2016 Audited Outcome" pre-geouditeerde syfers is en sal dit opgedateer word met geouditeerde syfers nadat die jaarlikse oudit voltooi is.

8.2 ONDERSOEKE NA ONREËLMATIGE UITGAWES ASOOK VRUGTELOSE EN VERKWISTE UITGAWES IN TERME VAN ARTIKEL 32 VAN DIE WET OP MUNISIPALE FINANSIËLE BESTUUR, 2003 (5/15/1/5)

Daar word op 'n gereelde basis aan die Raad gerapporteer aangaande onreëlmatige, asook vrugtelose en verkwiste uitgawes wat in terme van artikel 32 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, No 56 van 2003 deur die Dissiplinêre Raad ondersoek word.

8.2/...

Die verslag bevat inligting oor die gevalle wat die afgelope tyd ondersoek was, sowel as die uitslag van die ondersoeke.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat daar kennis geneem word van die vordering van die volgende sake met betrekking tot die onreëlmatige uitgawes asook vrugtelose en verkwiste uitgawes:

(a) Ongerymdhede met die aankoop van materiaal – in proses, hangende oorplasing van bedrag vanaf die SAMWU Voorsorgfonds;

(b) Onreëlmatigheid met aankoop van sement – ondersoek nog in proses;

(c) Onreëlmatigheid met verkryging van dienste van persoon in diens van die staat – afgehandel;

(d) Vrugtelose en verkwiste uitgawes t.o.v. laatbetalings aan DBSA en CRF – ondersoek nog in proses.

(Volledige ondersoekverslae is beskikbaar by die kantoor van die Bestuurder, Interne Oudit.)

8.3 WYSIGING VAN ORGANISATORIESE STRUKTUUR: BESKERMINGSDIENSTE EN KORPORATIEWE DIENSTE (2/3)

Artikel 66 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels Wysigingswet, 2011 bepaal dat die Munisipale Bestuurder verantwoordelik is om die organisatoriese struktuur te ontwikkel, wysingings ingesluit, waarna dit deur die Raad goedgekeur moet word.

Ten opsigte van Departement: Beskermingsdienste

Die pos van Liasseerklerk by die Moorreesburg se Registrasie- en Lisensiekantoor is vakant. Weens die volume werk wat deur die Malmesbury Vekeersafdeling hanteer moet word, word aanbeveel dat die pos skuif na die Malmesbury kantoor.

Ten opsigte van Departement: Korporatiewe Dienste

'n Nuwe pos as Assistent: Bibliotekaris en 1 kontrakpos by die nuwe Abbotsdale-biblioteek is goedgekeur op die organisatoriese struktuur met ingang van 1 Januarie 2017.

Daar word beoog om die konstruksie van die biblioteek te voltooi in November 2016 en is dit noodsaaklik om die nuwe biblioteek te okkupeer om vandalisme te voorkom.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die Raad, met inagneming van die aanbeveling van die Plaaslike Arbeidsforum, die wysigings van die organisatoriese struktuur ten opsigte van Beskermingsdienste en Korporatiewe Dienste goedkeur vir implementering met ingang van 1 November 2016.

8.4 VOORGESTELDE VERKRYGING DEUR SANRAL VAN VERSKEIE GEDEELTES ONROERENDE MUNISIPALE EIENDOM VIR NASIONALE PADVEREISTES (12/2/B)

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap (SANRAL) het die onderneming, *Manco-Aurecon (JV)* aangestel om die verkryging van grond vir nasionale padnetwerke te hanteer.

Daar word beoog om vroeg in 2017 'n aanvang te neem met Fase 3 van die N7-pad-verbredingsprojek (vanaf Leliefontein tot by die Hopefield-uitdraai). *Pendo Eiendomswaardeerders* is deur *Manco-Aurecon (JV)* aangestel om behulpsaam te wees met die waardering en onderhandelinge om grond vir die projek te bekom. *Pendo Eiendomswaardeerders* het 'n lys van die munisipale eiendomme ingedien – soos met die sakelys gesirkuleer – wat benodig word vir die uitvoering van die projek.

Besluit/...

8.4/...

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat die Raad in-beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat die volgende eiendomme uit-die-hand-uit aan SANRAL vervreem of serwituutregte ten opsigte daarvan verleen word vir doeleindes van opgradering/verbreding van die N7:

Permanente vervreemdings:

Daardie gedeeltes soos gelys in Aanhangsel A tot hierdie verslag, ten bedrae van R1 580 666.75 (BTW uitgesluit) in totaal

Registrasie van serwitute:

Daardie gedeeltes soos gelys in Aanhangsel B tot hierdie verslag, ten bedrae van R17 980.00 (BTW uitgesluit) in totaal;

(b) Dat kennis geneem word dat die eiendomme wat vervreem of ten opsigte waarvan serwituutregte verleen staan te word in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word nie;

(c) Dat volmag verleen word aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die verkoop- en serwituutooreenkomste te mag finaliseer en onderteken;

(d) Dat goedkeuring verleen word dat daar van SANRAL se prokureurs gebruik gemaak word om die ooreenkomste op te stel en te finaliseer;

(e) Dat SANRAL verantwoordelik sal wees vir alle kostes wat met die transaksies verband hou, ingesluit enige hersonerings- en ander tersaaklike grondgebruiks- en administratiewe aksies, waaronder advertensieskostes;

(f) Dat indien enige bogrondse of ondergrondse diens of dienste vervang, verskuif en/of beskerm moet word, die volle uitgawe daaraan verbonde vir die koste van SANRAL sal wees;

(g) Dat die uit-die-hand-vervreemding van die eiendomme vir publieke kommentaar geadverteer word, en – indien enige besware ontvang word – die Uitvoerende Burgemeesterskomitee met volmag beklee word om daarmee te handel, en om die transaksies te mag finaliseer.

8.5 STIGTING VAN WYKSKOMITEES: VORDERINGSVERSLAG (3/4/4/1)

Die verkiesings van wykskomiteelede in die betrokke wyke het plaasgevind vanaf 17 Oktober tot 20 Oktober 2016. Die resultaat van die verkiesings, en gevolglik die stand van wykskomitees in die onderskeie wyke, is met die sakelys gesirkuleer.

Slegs twee wykskomitees is voltallig na die verkiesings, naamlik wyke 2 en 11. Vir die res van die wykskomitees moet die vakatures so spoedig moontlik deur middel van koöptering gevul word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat die Raad kennis neem van die uitslag van die wykskomiteeverkiesings wat in die week van 17 tot 20 Oktober 2016 plaasgevind het;

(b) Dat slegs wyke 2 en 11 se wykskomitees voltallig is, en dat derhalwe met kommer kennis geneem word van die vakatures wat in die onderskeie wykskomitees bestaan;

(c)/...

8.5/...

(c) Dat met verwysing na paragraaf 9(1) van die Reëls en Prosedures vir Wykskomitees die Speaker geleentheid gegee word om, in oorleg met die wyksraadslid van wyke 1, 4, 7 en 8, die aangewese getal lede op die onderskeie wykskomitees te koöpteer voor die vergaderings in November;

(d) Dat, ten einde te poog om die res van die vakatures so spoedig moontlik te vul, wykskomiteevergaderings gehou sal word soos geskeduleer in die verslag vir die alleenlike doel om lede op die wykskomitee te koöpteer.

8.6 2017 VERGADERINGSKEDULE (3/4/2/1)

Een van die pligte van die Speaker is om ingevolge artikel 29 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture (Wet 117 van 1998) te bepaal wanneer en waar die raad vergader.

Die voorgestelde datums vir portefeuljekomitees-, uitvoerende burgemeesterskomitees- en raadsvergaderings, asook vir munisipale beplanningstribunaal- en wykskomiteevergaderings vir 2017 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdl E S M Maart)

(a) Dat die voorgestelde vergaderingskedule vir 2017 aanvaar word;

(b) Dat die datums vir publieke insae in die plaaslike media gepubliseer word, asook op die munisipale webtuiste op ‘n halfjaarlikse basis;

(c) Dat elke raadslid van die finale 6chedule voorsien word, sowel as die Weskus Distriksmunisipaliteit vir beplanningsdoeleindes;

(d) Dat die vergaderingskedule ook aan SALGA en die Provinsiale Departement van Plaaslike Bestuur voorsien word.

GETEKEN:
SPEAKER